Eenheid 4

# Mahatma Gandhi

**SLEUTELVRAAG**
Hoekom is Gandhi 'n voorbeeld van 'n goeie leier?

Mohandas Karamchand "Mahatma" Gandhi is 'n ander leier wat vir menseregte geveg het. Hy was Indië se belangrikste politieke en spirituele leier. Hy is vandag 'n simbool van wêreldvrede. Sy opvattinge en geweldlose betogings het menseregte-bewegings regoor die wêreld geïnspireer. Mense vier sy verjaardag as die Internasionale Dag van Geweldloosheid.

G

## Aktiwiteit

1. Bespreek wat julle reeds van Gandhi weet.
2. Skryf drie vrae neer wat jy vir Gandhi sou vra as jy hom kon ontmoet.

### Mahatma Gandhi

Gandhi is op 2 Oktober 1869 in Porbandar, Indië gebore. Hy het op sewe begin skoolgaan. Hy was baie skaam en het baie van sy vrye tyd aan lees bestee. Toe hy 13 jaar oud was, is hy getroud volgens die tradisionele gebruik van Indië in daardie tyd. Sy ouers het die 13-jarige Kasturba vir hom as bruid gekies. Sy was ook van Porbandar.

Toe Gandhi 19 jaar oud was, het hy in Londen in die regte gaan studeer. Nadat hy sy eksamen in 1891 geslaag het, het hy na Indië teruggekeer om in Bombaai as prokureur te praktiseer.


Gandhi en sy vrou het vier kinders gehad.